geleentheid gekry om by die bank uit te kom nie. Die oorblywende £600 sou hy eers ná afloop van die oorlog aan Leyds terugbetaal.[228]

ŉ Paar dae voor die Britse soldate Pretoria ingeneem het, het Engelenburg die huurkontrak aangaande die nuutgeboude *Volksstem*-kantore wat hy voor die oorlog met die regering gesluit het, nagegaan en verbeter. In die nuwe hersiene kontrak het hy seker gemaak dat hy die grond vir ŉ volle 21 jaar kon huur en dat die regering nie die huurkontrak summier kon opsê nie. Die nuwe kontrak is op 17 Mei 1900 deur Engelenburg en Sytze W. Wierda (1839-1911) onderteken.[229]

**Pretoria word deur Brittanje ingeneem**

Ná die val van Bloemfontein op 13 Maart 1900 het die Britte die groot opmars na Pretoria op 3 Mei 1900 begin. Op 31 Mei was Roberts in Johannesburg, en op 5 Junie is Pretoria beset. President Paul Kruger en die Transvaalse regering het Pretoria reeds op 29 Mei verlaat en met die Oosterspoorlyn na Machadodorp gereis, waar Kruger by sy aankoms ŉ proklamasie uitgevaardig het dat dit voorlopig die setel van die regering sou wees.[230]

Met die inname van Pretoria het lord Roberts (1832-1914) opdrag gegee dat al die wonings deursoek word. Engelenburg se huurhuis in St. Andriesstraat is ook deursoek. Al wat hulle kon vind, was ŉ leë bandelier en op grond daarvan het hulle hom gearresteer. By sy arrestasie was sy vennoot en jarelange vriend, Izaak Wallach, teenwoordig. Wallach het sy teenwoordigheid van gees behou en ŉ groot fles met baie ou brandewyn, waarvan Engelenburg altyd ŉ goeie voorraad gehad het, gevul en aan sy vriend gegee. Om seweuur die aand is Engelenburg onder begeleide na die ou aanklagtekantoor op die hoek van Pretorius- en Kochstraat (laasgenoemde vandag Bosmanstraat). Hy is in een van die vuil klein selle opgesluit sonder dat borgtog toegestaan is. Sy sel was in een van die oorgeblewe geboue waarin die Reformers van die Jameson-inval

[228] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 12.09.1902.
[229] Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Wysigingskontrak no. 72, R.8127/98.
[230] S.P.J. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 203.



Illustrasie 39: Pretoria word op 5 Junie 1900 deur die Britte ingeneem.
Bron: Privaatversameling van Rosa Swanepoel, Pretoria.



Illustrasie 40: 5 Junie 1900. Hys van die Britse vlag op die dak van die Raadsaal, Kerkplein, Pretoria. Bron: NZAV, Amsterdam. C.D. van Lent-fotoversameling.



A PEN-AND-INK AGITATOR.

Illustrasie 41: F.V. Engelenburg met bandelier, 1899. Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-versameling, foto 1766.



THE PRISON YARD, SHOWING CONDEMNED CELL AND LEAN-TO.

Illustrasie 42: Tronk in Pretoria waar Engelenburg in Junie 1900 tydens die ABO aangehou is voor sy vertrek na Europa. Die Reformers is ŉ paar jaar tevore, in 1896, in dieselfde tronk aangehou. Foto: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 2479.

gehuisves is.[231] Hy het later teenoor Wallach opgemerk dat die fles brandewyn sy lewe gered het. Die stank in die sel was onuithoudbaar. Engelenburg se saak is 'n paar dae uitgestel en steeds is borgtog geweier. Daarna is hy na die ou Sentrale Gevangenis oorgeplaas, wat later jare deur die SA Munt gebruik is. Daar was sy sel 'n bietjie geriefliker.[232] Sonder borgtog is hy ook daar 'n paar dae aangehou. Eindelik is Engelenburg beboet met ongeveer £20 (of drie maande gevangenisstraf). Die boete is betaal en die volgende dag het hy en ook Wallach kennis gekry om die ZAR te verlaat en is aangesê om na Stellenbosch in die Kaapkolonie te gaan.[233]

Gedurende die paar dae ná sy vrylating is Engelenburg steeds beskou as 'n "prisoner of war". Hy was onder huisarres en kon dus nie meer vrylik in die republikeinse hoofstad rondbeweeg nie. Op 6 Julie 1900 het Engelenburg die reëls oortree. Waarskynlik het hy die huis sonder toestemming verlaat; hy is weer gearresteer en in die tronk aangehou. Wyncko Tresling, een van *De Volksstem* se redaksielede, het 'n plan bedink om Engelenburg in die sel te gaan besoek en op een van Tresling se visitekaartjies het die assistentkommissaris van polisie 'n kort nota aan die *Commandant of Jail* geskryf:

> Kindly allow Mr. W. Tresling to give food to Dr. Engelenburg and to see him on behalf of his wife.[234]

Engelenburg was nie getroud nie, maar Tresling het dit as 'n verskoning gebruik om hom te sien. Hy is dieselfde dag vrygelaat en verder onder huisarres gehou. Engelenburg was van oordeel dat hy in daardie stadium en in dié omstandighede weinig in Suid-Afrika kon uitrig[235] en ná beraadslaging het hy en Wallach besluit om toestemming van generaal John Maxwell (1859-1929) te vra om na Europa te gaan. Die versoek is toegestaan, mits hulle via Southampton reis en

---

231 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 4.

232 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 4.

233 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 4.

234 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Nota van die assistentkommissaris van polisie aan die kommandant van die gevangenis om W. Tresling toe te laat om Engelenburg in die tronk te besoek, 06.07.1900.

235 H.C. de Kock, "Frans Vredenrijk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 23.

hulle in Londen aanmeld.[236] Voor hulle vertrek na Europa het dit Engelenburg bygeval dat daar in sy kantoor belangrike dokumente was wat veral president Kruger nie sou wou hê in die Britte se hande moes beland nie. Hy het toe gou ŉ plan bedink om die dokumente te gaan haal. Op 7 Julie het hy aan die *Provost Marshall*[237] (hoofprovoos) geskryf en gevra of hy dit sou oorweeg om aan hom ŉ residensiële pas uit te reik. Engelenburg het genoem dat hy verplig was om daagliks by die hoofprovoos se kantoor aan te meld. Hy het dit getrou nagekom, behalwe die vorige dag, toe hy gearresteer is. Hy het sy onderneming gee om dit ook verder na te kom. Sonder ŉ pas kon hy op pad na die hoofprovoos se kantoor weer gearresteer word.[238]

Drie dae later, op 10 Julie 1900, het hy ŉ pas van die hoofprovoos bekom wat hom gemagtig het om tot Saterdag 14 Julie 1900 gedurende die dag ongehinderd uit die huis te beweeg. Die pas het selfs daarvoor voorsiening gemaak dat hy die aande van 10 en 11 Julie tot 10 namiddag uit die huis kon wees.[239] Om die belangrike dokumente uit sy kantoor te gaan haal het Engelenburg sy allerdeftigste klere te voorskyn gehaal: manelpak en pluishoed, met alle denkbare medaljes, ordetekens en so meer wat hy in sy besit gehad het aangespeld, het hy in ŉ rytuig geklim en reguit na die *Volksstem*-kantoor in Pretoriusstraat gery. Die gebou was gesluit en voor die deur het ŉ militêre wag gestaan. Deftig maar kalm het Engelenburg uit die rytuig geklim, reguit na die voordeur gestap en die wag met ŉ effens neerbuigende *good morning* gegroet. Terwyl die wag, menende dat hy met ŉ hoogwaardigheidsbekleër van die nuwe gesag te doen gehad het, die geweer gepresenteer, het Engelenburg met sy eie sleutel die voordeur oopgesluit en dit agter hom weer dig toegemaak. In sy kantoor het hy al die waardevolle dokumente bymekaar gemaak en daarmee by die gebou uitgestap met die wag wat weer die geweer gepresenteer het. Engelenburg het sy groet herhaal en met die dokumente weggery.[240]

---

236 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 3-5.

237 NASA, Pretoria, TAB, Argief van die militêre owerheid (MGP), 115, p. 28. Die hoofprovoos by die Britse militêre hoofkwartier in Pretoria was in 1900 majoor R.M. Poore.

238 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg, Pretoria – Provost Marshall, Pretoria, 07.07.1900.

239 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Pas nr. 3047A, 10.07.1900.

240 H.C. de Kock, "Frans Vredenrijk Engelenburg (1863-1938)" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 23.

Voor sy vertrek na Europa is ŉ vergadering in die huis van Engelenburg in St. Andriesstraat belê. Behalwe Engelenburg en Izaak Wallach was F.T. Nicholson en F.J. Schikkinger aanwesig. Daar is onder meer besluit om Nicholson volmag te gee om met die *Volksstem*-besigheid in Engelenburg en Wallach se belang volgens sy beste insigte te handel. By die Nederlandsche Bank kon geld getrek word, onder andere vir geval die Argus-Maatskappy onmiddellike betaling eis vir die papier wat *De Volksstem* opgekommandeer het. In Pretoria het die drukpers van *De Volksstem* egter tot stilstand gekom.[241]

Een van *De Volksstem* se joernaliste, Frederik Rompel, het ook na Nederland vertrek, waar hy direkteur sou word van die persagentskap van die Algemeen Nederlands Verbond (ANV). Dit sou aan hom die geleentheid bied om in die koerante van baie lande publisiteit aan die saak van die twee Boere-republieke te gee. Die ANV het ŉ belangrike skakel geword in die pro-Boer-propagandanetwerk tussen Afrika en Europa.[242] Rompel het tot in 1912 in Nederland gebly, waarna hy op uitnodiging van Engelenburg na *De Volkstem*[243] in Pretoria teruggekeer het.

**Engelenburg en Wallach vertrek na Europa**

Middel Julie 1900 het Engelenburg en Izaak Wallach op ŉ koue, stowwerige dag per trein in ŉ tweedeklasrytuig uit Pretoria vertrek. Vooraf het Wallach ŉ kosmandjie laat inpak met genoeg kos vir drie tot vier dae. Die trein is egter op Kroonstad vertraag, omdat generaal De Wet die spoorlyn beset het. Die passasiers kon van die Kroonstad-stasie af die geskut hoor. Wallach het van die trein afgeklim en toe die stasiemeester, ŉ Britse kaptein, ontmoet wat hom vriendelik gegroet het omdat hy vir Wallach herken het as ŉ ou krieketspeler. Die kaptein het aangebied dat Wallach enigiets kon kry wat hy en sy vriend nodig gehad het en op dié manier het hy bier en whisky in die hande gekry. Triomfantlik het Wallach met sy vonds na hulle kompartement gegaan. Engelenburg was baie ingenome daarmee, maar het as Nederlander voorkeur aan

241 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 19.

242 J.J.J. Scholtz, "Rompel, Fredericus (Frederik) Jacobus Leonardus" in C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 691.

243 *De Volkstem* is sedert 1905 met een s gespel.

jenewer[244] en veral Bols-jenewer[245] gegee. Wallach het hom belowe dat hy dit vir hom in die hande sou kry.

Daardie namiddag het Wallach ŉ welbekende Afrikaner-advokaat ontmoet wat voor die oorlog in Johannesburg gepraktiseer het. Tot sy verbasing was die advokaat in die uniform van ŉ Britse offisier. Hy wou by Wallach die jongste nuus verneem en het verskoning gevra vir sy uniform, omdat hy "net maar regsadviseur by die Britse magte was".[246] Wallach het besluit om geen nuus aan die advokaat oor te dra nie. Laasgenoemde moes klaarblyklik aan die Britte genoem het dat Wallach en Engelenburg aan Boerekant was, want die volgende dag het hulle houding jeens die twee passasiers verander en het die stasiemeester geweier om enigiets verder aan hulle te gee. Engelenburg het toe nie die jenewer gekry wat sy vriend hom belowe het nie. Hulle is ook aangesê om nie weer op die platform te verskyn nie. ŉ Halfuur later is ŉ wag by hulle spoorwa geplaas. Die volgende aand, toe hulle kosmandjie leeg was, het hulle slegs Australiese "bully beef" en droë beskuitjies van die Britte ontvang. Volgens Wallach was alles baie onsmaaklik.[247]

Ná vyf vermoeiende dae op die Kroonstad-stasie het dit die trein nog vier dae geneem om Kaapstad te bereik. Engelenburg en Wallach het besluit om na die Mount Nelson Hotel te gaan, aangesien die boot, – volgens Wallach was dit die *Saxon* waarmee hulle sou vertrek – eers drie dae later sou uitvaar. Die Mount Nelson het sy deure net meer as ŉ jaar tevore, op 6 Maart 1899 geopen. Dit was die eerste hotel in Suid-Afrika wat lopende warm en koue water aangebied het en het luukse akkommodasie vir passasiers op die *Union*- en die *Castle*-lynbote verskaf.[248] Dit was dus ŉ logiese besluit van Engelenburg en Wallach om eerste by die Mount Nelson Hotel te gaan aanklop vir akkommodasie.

---

244 Jenewer is ŉ sterk alkoholiese drank wat uit gars, rog en jenewerbessies gedistilleer word. Dit word in Nederland, België, enkele gebiede in die noorde van Frankryk en die noordweste van Duitsland vervaardig. Kyk F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 304.

245 Bols-jenewer word in Nederland vervaardig.

246 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 5.

247 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 5-6.

248 Anon., "Mount Nelson Hotel" by http://www.capetownmagazine.com/mount-nelson-hotel (geraadpleeg op 26.10.2014).

Lords Herbert Kitchener (1850-1916) en Frederick Sleigh Roberts (1832-1914), genl. sir Redvers Henry Buller (1839-1908), en die jong oorlogskorrespondent vir *The Morning Post*, Winston Churchill (1874-1965), het die Mount Nelson as hulle basis gebruik.[249] Ofskoon dit in die middel van die winter was, het die hotelbestuurder Engelenburg en Wallach meegedeel dat hy nie vir hulle plek gehad het nie en dat die hotel vol was. Omdat die hotel as basis vir die Britse offisiere gebruik is, kon die hotelbestuur sekerlik nie anders as om Engelenburg en Wallach weg te wys nie, aangesien hulle aan Boerekant was. Van daar het hulle toe na die Royal Hotel gegaan, waar dieselfde gebeur het. Ook by die Grand Hotel op die hoek van Adderley- en Strandstraat kon hulle nie plek kry nie. Die hotelle wou hulle nie akkommodeer nie en het geen rede verstrek nie. Van neutraliteit in Kaapstad was daar dus geen sprake nie. Izaak Wallach het jare later die hele verhaal opgeteken. Hy het ook geskryf dat Engelenburg hom na Wallach gedraai en gesê het: "Wallach, daar is ŉ slegte invloed teen ons aan die werk hier in Kaapstad".[250] Die twee vriende het besluit om ŉ laaste poging aan te wend en indien hulle nie daar geholpe raak nie, sou hulle noodgedwonge na Engelenburg se tante Marie Koopmans-De Wet se huis gaan. By die White House Hotel aangekom, het die bestuurder hulle meegedeel dat hy ŉ wenk van die owerheid ontvang het om hulle nie in te neem nie. Hy het egter gevoel dat dit onbillik sou wees en het besluit om hulle te akkommodeer. Die twee here was nie juis welkom in Kaapstad nie en die hotelbestuur het hulle toegelaat op voorwaarde dat Engelenburg verantwoordelikheid sou aanvaar vir enige skade wat aan die gebou aangerig word indien ŉ klipgooiery sou plaasvind. As voorsorg het Engelenburg polisie-beskerming versoek, wat dadelik verskaf is.[251]

Tydens hulle verblyf by dié hotel het Engelenburg kreef vir hulle noenmaal aangekoop, wat die hotel vir hulle moes voorberei. Die hoteleienaar was egter slegs bereid om dit te doen indien al die hotelgaste kreef kry. Dit het Engelenburg 15/- uit die sak gejaag, maar sy kreef het hy

---

249 Anon., "Mount Nelson Hotel" by http://www.capetownmagazine.com/mount-nelson-hotel (geraadpleeg op 26.10.2014).

250 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 6.

gehad.[252] Engelenburg was ŉ fynproewer en sou alles doen om ŉ bord goeie kos te geniet. Die enigste mense vir wie Engelenburg en Wallach gedurende die paar dae in Kaapstad besoek het, was Marie Koopmans-De Wet en haar suster. Die tweetal het daarna stil uit Kaapstad vertrek.[253]

**President Kruger vertrek na Europa**

Met Engelenburg se vertrek na Europa was president Kruger nog in die ZAR. Voor lord Roberts Machadodorp beset het, het generaal Louis Botha en die regering na Nelspruit verskuif, waar daar besluit is om die bejaarde Kruger deur Delagoabaai na Europa te stuur om daar die Boere se saak te bevorder. Visepresident Schalk Burger sou in Kruger se plek as president waarneem. Kruger het op 11 September 1900 die grens by Komatipoort oorgesteek. Weens die bemoeiinge van die nuwe Britse konsul-generaal, Fritz Hauch Eden Crowe,[254] is Kruger se persoonlike vryheid sedert sy aankoms in Lourenço Marques aan bande gelê. Onder druk van Crowe het goewerneur Machado die president verplig om sy intrek in die goewerneurswoning te neem, waar hy feitlik as ŉ gevangene geleef het. Hoewel honderde burgers na Lourenço Marques uitgewyk het, kon hulle die president slegs van ŉ afstand sien en groet en het die Portugese gesorg dat Kruger geen politieke invloed ten opsigte van die Boererepublieke uitoefen nie.[255] Die jeugdige koningin Wilhelmina van Nederland het tot Kruger se redding gekom en nadat vasgestel is dat die Britse regering geen beswaar gehad het nie, is die oorlogskip *Gelderland* gelas om Kruger na Europa te vervoer. Op die dek, waar hy alleen gestaan het, het Kruger vir oulaas na die verdwynende kus gestaar.[256] Kruger se teenwoordigheid in Europa het groot belangstelling ontlok, maar geen Europese regering was bereid om hom formeel te ontvang nie en so Brittanje se belange uit te daag nie. Hoewel Kruger nie steun in Europa kon kry nie, was daar onder die Nederlandse publiek ŉ ongekende geesdrif en warmte vir die saak van die Boere.

---

251 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 6.


252 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 6.

253 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 6-7.

254 Fritz H.E. Crowe is in April 1900 in die plek van konsul Alexander Carnegie Ross aangestel.

255 S.P.J. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 207-210.

256 S.P.J. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 210.



Illustrasie 43: Unieke foto van president Paul Kruger aan boord van die *Gelderland* in 1900. Bron: Gereproduseer van ’n negatief onder no. 40571, foto-argief van die *Bureau Maritieme Historie*, Nationaal Archief, Den Haag. W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 1100.

Hulle het Brittanje beskou as die bullebak onder die Europese nasies. Die Nederlanders het Kruger bewonder, maar het ook diepe meegevoel geopenbaar.[257] Die militêre welslae van die Boeremagte in die vroeë stadia van die oorlog het Europa aan die praat gehad. Dit was ŉ tyd toe Nederland en Suid-Afrika nader aan mekaar gestaan het as wat ooit tevore die geval was of ooit daarna sou wees. Dit was ook die tyd toe die worstelstryd van die twee Suid-Afrikaanse republieke teen die Britse wêreldmag wyd aandag geniet het.[258] Vroeg in Desember 1900 was Kruger op pad na Den Haag. Op Utrecht-stasie het ŉ groot en opgewonde massa mense mekaar vertrap om hom te sien. Die geroep van "Leve Kruger" en "Leve de Boeren" was so aanhoudend dat die toesprake selfs vir die sprekers onhoorbaar was. Hoe goed ook al bedoel, was dit alles futiele gebare. Die republieke het daadwerklike en kragdadige hulp nodig gehad en kon deur toejuiging en eerbetoning nie van ŉ ramp gered word nie.[259] Kruger self sou nooit sy geliefde land en ook nie sy vrou, Gezina (1831-1901), weer sien nie.[260]

**Die NZASM gedurende die oorlog**

Die oorlog het ook verreikende gevolge vir die NZASM ingehou. Ten spyte van die toestande in Lourenço Marques was die NZASM die grootste Nederlandse bydrae tot die Transvaalse ekonomie. Die spoorverbinding het die koste van lewensonderhoud in elke dorp en stad laat daal. Sonder ŉ spoorweg sou die ontwikkeling van Johannesburg nooit so snel kon plaasvind nie.

Sonder die konstante en redelik goedkoop aanvoer van steenkool sou die diepere ertslae in die Witwatersrandse myne nie ontgin kon word nie. Die NZASM was ŉ groot bedryf met 3 162 personeellede in 1899, onder wie 1 777 Nederlanders.[261] Behalwe brûe wat die NZASM-

[257] J.S. Gericke Biblioteek, Dokumentasiesentrum, Universiteit van Stellenbosch (JSGBD, US), D.F. Malanversameling, 1/1/152, D.F. Malan – D.F. Malan senior, 18.10.1900.

[258] JSGBD, US, D.F. Malanversameling, 1/1/152, D.F. Malan – D.F. Malan senior, 18.10.1900. Sien ook B. Booyens, *Die lewe van D.F. Malan: die eerste veertig jaar*, pp. 65-66.

[259] JSGBD, US, D.F. Malanversameling, 1/10, fotokopie van dagboek, 10.10.1900. Sien ook B. Booyens, *Die lewe van D.F. Malan: die eerste veertig jaar*, p. 71.

[260] S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 178, 212-218. Sien ook H.C. Bredell (A.G. Oberholster (red.)), *Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904*, pp. 2-3.

[261] G.J. Schutte, *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie*, p. 116. Sien ook P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*, deel II, p. 78.

personeel tydens die oorlog by verskeie plekke opgeblaas het om die vyand te stuit, het die NZASM sy werkplase in Pretoria in ŉ arsenaal omgeskep om ammunisie te vervaardig, perde te beslaan en kanonne te herstel.

Op 3 Augustus 1900 het die Britse owerhede beslag gelê op die geskrifte en boeke in die kantoor van die NZASM in Pretoria. Op grond van die bevindings van hulle ondersoek het hulle op 12 September formeel beslag gelê op alle eiendom van die maatskappy omdat die personeel aktief aan die oorlog deelgeneem het. Hiermee het die bedryf van die NZASM in Suid-Afrika geëindig.[262] Die NZASM het in 1902, met die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, saam met die Boererepublieke ondergegaan. Die Britse regering sou in 1908 aan die aandeelhouers van die NZASM skadevergoeding uitbetaal en die maatskappy is in 1909 finaal gelikwideer. Van die resterende geld is terug na Nederland en die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) is daaruit gevorm.[263] Dié het doelbewus die ideale van die NZASM behou. Dit was en is tans nog steeds van groot belang weens die geldelike steun wat die stigting gee aan die bevordering van nie-amptelike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland.[264]

**Samevatting**

Brittanje het toenemend ŉ houvas op die Zuid-Afrikaansche Republiek probeer kry en sedert goud aan die Witwatersrand ontdek is, het hy alles in sy vermoë gedoen om die ZAR in te palm. Die ZAR-regering was in 1899 feitlik gedwing om ŉ ultimatum te stel dat Brittanje sy troepe aan die grense verwyder. Brittanje het nie daaraan gehoor gegee nie, met die gevolg dat oorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek het. Tot op die laaste het Engelenburg gehoop dat ŉ oplossing gevind sou word, maar toe dit blyk dat oorlog onafwendbaar was, het hy hom voorberei om ook na die oorlogsfront te gaan. Die velduitgawe van Engelenburg se koerant het ŉ uitsonderlike diens aan die twee republieke bewys deur die burgers op die hoogte te hou van wat aan die verskillende fronte aangegaan het. Engelenburg se veelsydigheid en sy transnasionale identiteit het gedurende die oorlog goed te pas gekom en het hom in staat gestel om in Transvaal en na die

262 D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872-1899)*, pp. 159-160.

263 R.C. de Jong, Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging", 1890 – 1918, p. 16.

buiteland te kommunikeer. Dit was tot groot voordeel vir die saak van die Boere in die stryd waarin hulle hulle bevind het. In vergelyking met die Britse beriggewing van die dag, wat hoofsaaklik eensydig verslag gedoen het, was daar min inligting van Boerekant wat die buiteland gehaal het. Engelenburg het ŉ sleutelrol gespeel om aan die buitewêreld inligting deur te gee.

Ná die Slag van Colenso het hy na Pretoria teruggekeer. Die oorlog ten spyt was hy optimisties oor sy eie en ook die land se toekoms . Sy besluit om in Pretoria ŉ derde erf in 1900 te koop, bewys dat hy nie van plan was om permanent na sy geboorteland, Nederland, terug te keer nie. Nadat die Britte Pretoria op 5 Junie 1900 ingeneem het, het Engelenburg na Europa uitgewyk, maar sou ná die oorlog terugkeer.

[264] F.V. Engelenburg, *De Delagoabaai spoorweg een terugblik*, met voorwoord deur C. de Jong, p. viii.